## KONTAKBESONDERHEDE


**Kerkkantoor**
**Erna Schuite**
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
**Leraar**
**Ds Franziska Andrag-Meyer**
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
**Koster**
**Elize Oosthuizen**
060 884 4756


## BANKBESONDERHEDE

**NGK Suidpunt**
**ABSA**
**Takkode: 334-412**
**Rek nr: 1780147276**
**Gee asseblief 'n verwysing,**
**bv. Dankoffer**

Hoe om Mobipaid te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/ Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede
Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Juanita | Coetzer | 06/21 |
| James | Roeloffze | 06/21 |
| Hennie | de Beer | 06/24 |
| Sandra | Oosthuizen | 06/24 |
| Jan | van Dyk | 06/24 |
| Jessica | Flack | 06/25 |
| De Wet | Kriel | 06/25 |
| Bert | Moolman | 06/25 |
| Tilma | Nel | 06/26 |
| Wynand | Storm | 06/27 |

## STRAATWERK

**"2 min noodles en cup of soup" vanaf Suidpunt gemeente na die gangetjies en stegies van die stad.**

'n Warm koppie sop of 2 min noodles maak die lywe warm en die harte oop om die Goeie Nuus van Jesus Christus te hoor. Kontak die Kerkkantoor vir meer inligting.

NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

21 Junie 2026

## WELKOM!

### EREDIENSTYE 21/06

10h00 L'Agulhas
11h00 Kategese
Spesiale Kollekte
Msinga

**Dinsdag**
Angs en Depressiegroep word gekanselleer

**Woensdag**
17h30 Gebedsgeleentheid

**Vrydag**
Skole sluit
07h30 Mannebybelstudie
Hoenderbraai

**Sondag 28/06**
**10h00 L'Agulhas**
Nagmaal
Spesiale Kollekte
Barmhartigheid

## FAMILIEGEWOONTE

Vandag lees ons bietjie van 'n familiegewoonte wat help om verhoudings te versterk en vir mekaar om te gee by die huis en by die kerk - WAARDEER MEKAAR. Gary Chapman skryf oor THE 5 LOVE LANGUAGES. Daarmee bedoel hy dat elkeen van ons ons eie unieke voorkeurtaal het waarin ons liefde ontvang en uitdeel:

1. OPBOUENDE WOORDE - Jy hou daarvan om 'n kompliment te ontvang en kan maklik sê: " Ek is lief vir jou."
2. KWALITEITTYD - Jy hou daarvan om iets saam met ander te doen of om in detail te vertel hoe jou dag verloop het.
3. GESKENKIES - Jy gee graag kaartjies of klein geskenkies en hou daarvan om dit te kry.
4. DIENSBARE DADE - JY help graag met take of waardeer dit as iemand vir jou 'n koppie tee of koffie maak.
5. FISIESE AANRAKING - Jy sit graag styf teen geliefdes of jy hou daarvan om drukkies te gee.

Watter liefdestaal praat jy? Gebruik jy dit ook teenoor die broers en susters in jou gemeente?
OEFEN bietjie, dis heerlik!

**Teks vir die Week:** 1 Tim 3:14 & 15.
Ek skryf hierdie dinge aan jou hoewel ek hoop om gou na jou toe te kom. Ingeval my koms vertraag word, sal jy dus weet hoe iemand hom moet GEDRA in die HUISGESIN VAN GOD, dit is die gemeente van die lewende God. Die gemeente is die draer en beskermer van die waarheid.

## Ons bid vir...

1. Predikers. Ds. Franziska wat vanoggend op Napier preek.
2. Franco (Kobus en Franziska se seun) wat vanoggend tydens die erediens om 09h30 in Napier saam met HTS DROSTDY KOPERBLAASORKES speel.
3. Suksesvolle registrasie van kiesers.
4. Msinga, veral vir die voorbereidings vir die Msinga-uitreik na Keatsdrift, waarby ons gemeente betrokke is.
5. Gesonde gesinne, met liefdevolle, verantwoordelike vaders en/of vaderfigure.
6. 'n Huisgesin van God (gemeente) wat leef volgens die wil van ons Vader.

## Doen & Deel

### HOENDERBRAAI -26 Junie

Bestel lekker hoender en slaai by Johan Hattingh. Dit kos R60 per porsie. Poeding @ R15. Jy kan dit van 17h00 tot 18h00 by Struisbaaikerk kom afhaal. Kontak Johan betyds by 083 286 3976 as jy wil bestel. Fondse vir Kenia.

### KATTEBAKVERKOPE

Op Saterdag, 27 Junie, hou ons weer 'n CAR BOOT SALE (vanaf 08h00, op die parkeerterrein by STRUISBAAI se KERK). ALLE items is welkom, van klere, beddegoed, tot kombuisware. As jy goed wil verkoop vir jou eie sak, is jy meer as welkom. Dan betaal jy R50 vir 'n staanplek en die geld gaan vir Diens van Barmhartigheid. Kontak Marietjie Hansen by 084 408 9472 as hulle jou moet help met 'n tafel. Bring dan net jou eie kleingeld en plastieksakke saam. "Hoe meer siele, hoe meer vreugde!"

## Doen & Deel

### OPWIPWINKEL

Baie dankie vir klere, skoeisel en juwele wat nou onlangs ontvang is vir ons ***tweede kans boetiek.*** Ons hoop om op elke BASAAR goeie tweedehandse klere, ens.te koop te kan aanbied om ons gemeentekas te voed. Skenkings is welkom. Merk die sak Joanie en gee dit asb.af by die Kerkkantoor (Di.-Do.van 08h00 tot 12h00).

Hoe lyk dit? Het jy nie BOEKE vir ons nie? Dit kan dwarsdeur die jaar ingegee word by die KERKKANTOOR. Dinsdag tot Donderdag van 08h00 tot 12h00

### JOGHURT- en/of MARGARIENBAKKIES

EEN LITER joghurtbakkies en enige grootte margarienbakkies kan by die kerk afgegee word. Merk dit asseblief MARIETJIE. Baie dankie. Dankie vir bakkies reeds ontvang, Nog is altyd welkom.

## Doen & Deel

### DANKIE VIR

1. Vaders wat hulle gesinne met soveel liefde en wysheid bestuur.
2. Die voorreg om kinders van God te kan wees.
3. Die kinders wat vanoggend kon deelneem aan ons erediens, om die Vaders spesiaal te laat voel.
4. Karin Michau wat die kinders afgerig het.
5. Lida Rossouw wat moeite gedoen het met Vadersdaggeskenkies.
6. Tish, vir vandag se blomme in die kerk.
7. 'n Dinamiese huisgesin van God.

### WIE BREI SAAM?

Ons wil musse brei vir uitreike, hetsy STRAATWERK of elders. As jy wil brei, gee asb. die mus(se) in by die Kerkkantoor (Di.-Do, 08h00 - 12h00) gemerk UITREIKE. Kontak Joanie vir 'n breipatroon by 072 5193170. NS: Daar is geen sperdatum nie.